

## **Insigartikel na aanleiding van Laurika en die orkes se optrede, *Balkon*, by die KKNK 2003.**

**Deur Annemarie Marais**

### **‘n Eenbedryf in verskillende stemme**

**Laurika Rauch is ná ‘n kwarteeu die diva op die Afrikaanse liedjie-verhoog wat vol sale waarborg. Haar gehoor is van speenoud tot beenoud en almal ken die ou treffers se woorde. *Insig* het ‘n eksklusiewe ínkyk gekry op die nuwe KKNK-produksie van haar en haar musiekgenote - so van die *Balkon* af.**

#### **Karakters:**

**Laurika Rauch** (musikale geboorte in 1979): argetipiese anima van die Afrikaanse musiekbedryf wat die eerste toekenning van sy soort van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gekry het vir haar bydrae tot ligte Afrikaanse musiek; haar karakter word versterk deur eienskappe tegelyk sku en dramaties, en mannerismes soos om oopgespreide hande af te wissel met gebalde vuiste, ook wanneer sy sing.

**Wouter van de Venter** (kitaar en sang): broeiende aard, vermoede bestaan dat sy aandag na onhoorbare musiek dwaal tydens ‘n gesprek, wel uiters gefokus met kitaar in sy hand.

**Leon Ecoignard** (baskitaar, verskeie ander instrumente en sang): die veelsydige pasaangeër, instrumentale en eksperimentele verkleurmanneltjie; vermoedelik ‘n jazz-afvallige. Saam met Wouter ook te sien in *Stok* by die KKNK.

**Clinton Waring** (klavier, klawerbord en sang): die stil een wat sy klawervingers die praatwerk laat doen.

**Christopher (Chris) Torr** (liedjieskrywer): Onsienbare teenwoordigheid. Kan omskryf word as die kollektiewe geheue van Afrikaanses rakende Afrikaans, die platteland, teruggryp na ‘n kindertyd, liefde as onder meer verlange. Al dié word vergestalt in psalmistiese lirieke met byna onnaspeurbare Afrika-ritme.

**Beligting:** Pieter-Jan Kapp; **Klank:** Frikkie Kruger; **Verhoogbestuurder:** Kelly Robinson.

**Dekor:** ‘n Nuutgeboude huis met ‘n ateljee wat uitloop op ‘n stoep, elektriese koorde kriskras deur vertrek, vleuelklavier, verskeie musikale toebehore, mikrofone. ‘n Boekrak met voosgeleesde boeke, traporreltjie in die een hoek, ‘n rusbank, en ‘n kat genaamd Tiger.

**Laurika:** “*My ou tante Koba*, nog ‘n keer. (Laat sak die mikrofoon.) Soms dink ek ek moet liever ‘n klaende, knaende vrou wees vir Chris. Dan kry ons dalk meer as een liedjie in ses maande. Vir dié een het ek en die kinders hom van Vrydag- tot Sondagaand nie gesien nie. (Beduie met mikrofoon oor haar skouer.) Hou die koorgedeelte soos daardie feestoneel in *Chocolat*.

**Leon:** “Soos in basilikum, pesto en olyfolie saam met songedroogde tamaties - nie jihaa!” (Clinton speel ‘n paar note op die klavier).

**Wouter:** “Nee-nee. Dit klink soos iets anders van Laurika.”

**Leon:** “Dis bloot ‘n Torr-isme. Of Torriaans. Soos wat ‘n mens weet Bach is Bach.

**Laurika:** “Dit moet ‘n bietjie trek. (Sing koorgedeelte, neurie sommige lyne. Aan Wouter.) Nie so hoog nie, maak dit ‘n derde onder my. Gee my Shania Twain.”

**Leon:** “Gesofistikeerde Shania.”

**LR:** “Ek kan met ‘gesofistikeerd’ leef. (Ons sien haar op ‘n stoel sit, haar diksool-leerskoene wat ritme hou, met tye is haar oë toe. Dan gebiedend.) *Keep it from Capey.* (Wouter staan op en laat Tiger in by die stoepdeur.) Dankie. (Is dit omdat hy die kat ingelaat het of die manier waarop hy met sy kitaarspel die versgedeelte se harmonie behou in die koorgedeelte?)

**Clinton:** “Kom ons probeer dit só.” (‘n Mens wil-wil die wysie van die volksliedjie *Ou Tante Koba* hoor; onmiskenbaar tog vlietend.)

**Laurika:** “Leun terug, julle. Dan kitaar ... *anderkant Noupoort, duskant De Aar ...* (Note sterf weg.) Die KKNK-vertoning se naam is met rede *Balkon*. Vanaf dié balkon kyk ek vanuit ‘n ander musikale perspektief na die ouer en bekende liedjies, terwyl die ópkykslag simbolies is van onder meer die manier waarop nuwe liedjies benader word. Die uitdaging? Om dit te doen sonder om onself óf die gehoor te verveel of vervreem. (In die agtergrond die eerste note - met ‘n sterk blues-ondertoon - van Koos du Plessis se *Skimme*.) Wanneer ons werk met bekende liedjies soos dié, is die vertrekpunt om dit te dekonstrueer - heeltemal te stroop - voordat die lirieke binne ‘n nuwe en vars musikale konteks geplaas word. (Sy lees die liriek voor aan die ander drie, vertaal sinsnedes vry in Engels, en ‘n mens word herinner dat haar opleiding in die dramakuns was. Sy maak nie oogkontak tydens die voordrag nie.) Dink verlange, breekbaarheid, frustrasie. (Dié emosies sien ons in haar oë, haar skouers, en die manier waarop haar hande die stilte langer rek.) *Daar is skimme op donker balkonne ... Weerlose, weerlose mense...*”

**Clinton:** (Terwyl hy aanhou klavier speel.) Dit moet in dieselfde sleutel wees. *In the empty gap.*”

**Laurika:** “Volg die kleur van die woorde. (Ná die liedjie verskuif die toneel na die stoep. Die uitsig is oor ‘n klein vleiland midde-in een van die oostelike woonbuurte van Pretoria. Leon en Wouter rook, Clinton speel met sy selfoon. Laurika gesels rustig.) Ons is al drie jaar saam, maar anders as soortgelyke gevalle is daar nie ‘n musiekregisseur nie. Tog moet iemand die baas wees, al sit die hoed elke nou en dan op iemand anders se kop. En op die verhoog is daar ‘n onsigbare band tussen ons. Elkeen kry sy oomblik. (Tersyde.) Ek is nie ‘n feminis nie.

**Leon:** “Dit is werklik ‘n geval dat elkeen onophoudelik bly géé. Geen ego’s.”

**Laurika:** (Skertsend.) “Ons sukkel net met Clinton, sy beeld is té skoongesig!”

**Leon:** (In Clinton se rigting.) “Dank die *vocalist* af!”

**Laurika:** “‘n Optrede begin met ‘n belofte deur jou aan die gehoor, en jy moet dit nakom. Ek kan dit nie meer doen met slegs een begeleier nie. Tog verg dit meer aanpasbaarheid - met die orkeslede én met die gehoor. Een keer het ek die fout gemaak om die programorde midde-in ‘n vertoning te verander omdat ek gesien het ek verloor die gehoor. Katastrofies! Ek het die hele ritme van die vertoning vir my én die orkeslede omver gewerp en ieder geval die gehoor finaal verloor.” (Sy sak terug teen die rugleuning van haar stoel, aanvaarding in die beweging.)

**Wouter:** “*Keep the vocalist, she’ll take us places.*” (Die stoepdeur sluit die buitewêreld uit wanneer almal terugkeer na die ateljee. Clinton trek los op die klavier, vingers soos naaldekokers oor die klawers, en hy knoop daarmee ‘n gesprek aan.)

**Laurika:** “Dit is reeds meer as tien jaar gelede wat ek ‘n kabaret aangepak het, *Op die*

*Hartstog Boulevard*, saam met Jannie du Toit in 1990. (Sy was ook in 1981 deel van die eerste Afrikaanse kabaret, *Met permissie gesê*, uit die pen van Hennie Aucamp.) Hoewel daar nie so 'n vooruitsig is nie, sê ek ook nie dat ek nooit weer uit daardie fonteintjie sal drink nie. En Amanda Strydom het haar intussen op 'n ongelooflike manier in dié nismark ingesing. Uitdagings soos die aanbieding van *Kom laat ons sing* op kykNet verlede jaar spoor my aan, so ook om met mense soos Deon Opperman, Vusi Mahlasela en Peter McLea saam te werk. En ja, ek is in 'n gemaksone in my werk, in my lewe, en dit het te doen met 'n vrywillige aanvaarding van die grense daarvan.

**(Kommentaar deur) Johan Badenhorst, regisseur van *Kom laat ons sing*:** “Laurika is bekend daarvoor dat sy nie die maklikste mens is om mee te werk nie. Dié stelling het alles te make met professionaliteit: 'n ding is of reg of verkeerd. As dit volgens haar verkeerd is, wil sy niks daarmee uit te waai hê nie.

Ek het geweet dit sal 'n besondere ervaring wees om saam met Laurika aan *Kom laat ons sing* te werk, maar ek het nie besef hóé wyd haar netwerk in die bedryf en andersins strek nie. As dit nie iemand is met wie sy al saamgewerk het nie, is dit verlangs of familie of was hulle saam in die kinderkoor. En elke lieve kunstenaar wat ons genader het om aan die program deel te neem, het ingestem uit pure respek vir haar. En ek's bly ons kon die reeks as vriende begin en het ook so klaargemaak!

Ons het mekaar doer in die tagtigerjare leer ken in *After Dark* in Pretoria, waar sy en Wessel van Wyk gereeld opgetree het. Ek was op pad na België en het haar eendag so terloops gevra of sy nie daar wil gaan optree nie. Nadat ek daar aangekom het, het ek weer vir haar gevra maar maande lank geen antwoord gekry nie. En toe een dag 'n telegram met iets soos 'Wil toer in België. Brief volg.' In daardie stil maande toe ek niks van haar gehoor het nie, is sy en Chris getroud.”

(Clinton en Wouter staan op, slegs Leon bly in die ateljee agter en val weg met die oorbekende eerste note van Torr se *Die Gang*.)

**Leon:** “'n Baskitaar is nie veronderstel om te doen wat ek nou doen nie, maar wat de hel, ek kan net sowel probeer. (Gemaak gedrae.) *It challenges logic and to me thòts art.*”

**Laurika:** “Chris is áltyd teenwoordig. In sy lirieke veronderstel hy met die plasing van een gestroopte woord ses verskillende betekenis. Ja, sy onderskeie lirieke kan geag kan word as hoofstukke van dieselfde verhaal waarin ons 'n familie leer ken - al die ooms, die tantes en die kinders - met hul drome en verlange, nostalgie en onbeantwoorde vrae ... *Maar die vlam is delikaat en fyn/ en ek het verlang na die lentetyd...* Omdat ek self nie lirieke skryf nie, is ek baie afhanklik van ander wat dit doen. En van Chris. (Heelwat later is die toneel 'n lang houttafel met borde vol oondgebakte hoender en rys met songedroogde tamaties en rissies.)

**Telefoongesprek met Chris Torr:** “As ek 'n liedjie skryf, sien ek in my gedagte vir Laurika op die verhoog staan, hoe sy haar mond oopmaak ... en begin sing, en ek wil weet dat die gehoor koue rillings sal kry omdat hulle iets nuut hoor.

Ek kan glad nie *perform* nie - kan net note lees omdat ek klavierlesse op skool geneem het - en hoe sy soms uit my weergawe kan aflei hoe 'n liedjie behoort te klink weet ek nie altyd nie! Dit is wonderlik as ek in die ateljee kom en hoor haar en die orkeslede lag oor iets nuuts wat ek geskryf het. Terwyl ek besig is met iets nuuts sal ek soms 'n wenk vra -

‘hoe sê ‘n mens dit in Afrikaans?’ - maar die uiteinde sien sy eers heelwat later. En ek skryf in Afrikaans eerder as Engels omdat my beperkte woordeskat my tot eenvoud noop. Slimigheid is ontuis in ‘n liriek.

Laurika kry my liedjies altyd eerste. Die eerste probeerslag is hare, en sy is eerlik as iets nie werk nie. Haar eerlikheid stel ek voorop. Die vraag is ook: maak dit my meer neuroties, ja of nee? (Lag.) Maar nee, ek gee nie om wat sy daarmee doen as dit eers in haar hande is nie. Ek verwelkom verandering.

Inspirasie is egter nie voorspelbaar nie. ‘n Mens probeer die gemene deler vind wat vir verskillende mense roerend is, en die dag as Laurika sê iets is ‘só hartseer’, is ek bly - omdat dit die moontlikheid impliseer dat iets te vinde is in ‘n gegewe situasie wat tot ander mense ook sal spreek.

Ons het nog nooit saam ‘n liedjie geskryf nie. Ek wil graag: sy die wysie, en ek die woorde.

**Leon:** (Kelly, Laurika se persoonlike assistent en verhoogbestuurder, deel aan elkeen ‘n skedule vir ‘n volgende vertoning uit.) “By Laurika het ek geleer om professionaliteit te spel, hoe soomloos ‘n *show* kan wees. Dit dien as inspirasie om myself ook op ander gebiede te waag soos nou met *Stok*, wat iets tussen klank- en bewegingsteater is. ‘n Helse eksperiment, hé Wouter?”

**Wouter:** “Ek moet myself soms knyp om te besef ek tree opsaam met dié Laurika. Maar sy druk ‘n mens nóóit in ‘n kassie nie en speel ek nog net so hard soos in my *rock*-dae. (Hy vee half verleë oor sy poniestert.) En my eerste nugter *show* was saam met haar.”

**Laurika:** “As ‘n mens jou vreesfaktor weg drink, verloor jy die snykant van ‘n optrede: die kans om in elke oomblik te delf en dit nie mis te loop nie. Ek wil altyd dáár wees, deurdring tot by die kern van ‘n lied, ‘n vertoning. (Haar gesig is skoongewas van grimering, sy groet haar dogter Nina in die kamer met die sandkleurige binnemure, die kamer wat op die balkon uitloop.) Die huisbouery verlede jaar het my geleer daar is tye wanneer ek mág oorgee. Al skryf ek e-posse met woorde soos ‘ondraaglik!’ en ‘ek eis!’ en ‘indien nie... sál ek!’ wanneer bouwerk onklaar is. (Skielik is almal vir ‘n ruk so stil soos Clinton gewoonlik is.) Daar gaan ‘n engel. Julle weet mos, dis twintig minute voor of twintig minute oor die uur wanneer ‘n geselskap skielik stil raak en ‘n engel verby vlieg.”